# HEBREËRS 12:1-11

**TEMA :** **Volhard onder beproewinge**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

Bestudeer asseblief die Skrif verwysings om sodoende die Oordenking te begryp.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING**: **Hebreërs 12:1-11**

**Heb 12:1 Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,**
**Heb 12:2 die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.**
**Heb 12:3 Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie.**
**Heb 12:4 Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.**
**Heb 12:5 En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie;**
**Heb 12:6 want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.**
**Heb 12:7 As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?**
**Heb 12:8 Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.**
**Heb 12:9 Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie?**
**Heb 12:10 Want húlle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word.**
**Heb 12:11 Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is.**

-o0o-

## 1. VOORBEREIDING

**Heb 12:1 Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,**

Dit is baie belangrik om te verstaan wat hierdie wolk van getuies rondom ons is. Hierdie is NIE 'n fisiese wolk nie. **Almal wat in Christus gesterwe het is deel van hierdie wolk**. Al die onsterflike liggame wat deur die geboorte kanaal gegaan het sal saam met Hom terug kom om ons te kom haal. Christus sal tesame met hierdie geeste, die onsterflike liggame, weer verskyn om ons te kom haal.

Ons moet deur die ontwikkelingsproses gaan. Ons moet onsself voorberei en elke las, sonde en elke stukkie onnodige bagasie afgooi. Daar moet niks in ons geloofspad om hierdie ontwikkelingsproses tot aan die einde te kan voltooi nie. Christus het die voorbeeld van geloof volharding vir ons gegee. Die wolk van getuies moedig ons dus aan om te volhard.

-o0o-

- Die aanmoediging is soos ‘n rugbyspan wat speel en die wat toesig hou, moedig die span aan om die stryd te voltooi.
- Getuies getuig daarvan, om te bevestig waarvan ons praat.
- Die wolk van getuies versterk en spoor ons aan om aan te hou om te volhard.

2. **FOKUS**

**Heb 12:2 die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.**

**Hoe gaan ons hierdie wedloop voltooi?**
Die antwoord is dat ons moet aanhou om te volhard in hierdie wedloop. Die wedloop moet voltooi word.

**Wat is die prys as hierdie wedloop voltooi is?**
Die pad is vir ons oopgemaak. Hy is die loon wat die Bruid sal kry wanneer die wedloop voltooi word. Die Bruid moet haar oë hou op Jesus die Leidsman, wat die kruis gedra het en nou sit aan die regterhand van God, in ‘n gesagsposisie. Ons moet net ons oë op Hom gevestig hou, die Leidsman en Voleinder van die geloof.

3. **OORDINK**

**Heb 12:3 Want julle moet ag gee op Hom wat so ‘n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie.**

Ons moet herhaaldelik oordink waardeur Jesus gegaan en wat Hy alles verdra het, terwille van my en jou. As ons dit gereeld oordink, sal ons siele nie vermoeid word en verslap nie.

**Heb 12:4 Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.**

Kan ons vir een oomblik besef hoe dit moet wees om bloed te sweet? Nog niemand het soveel weerstand gebied nie. Jesus het angs beleef en ernstig gebid. Sy sweet het soos druppels bloed geword wat op die grond gedrup het. Ons gee soms te maklik in en doen dan maar sonde en val terug.

4. **DISSIPLINE**

**Heb 12:5 En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie;**
**Heb 12:6 want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.**

Almal wat kinders van God is en die inwoning van die Heilige Gees ervaar, sal bereid wees om vermaning en tugtiging met liefde te aanvaar. God het jou as Sy kind aanvaar en sal tugtiging toepas.
- Ons word deur geestelike vaders en moeders getugtig.
- Ons word ook getugtig deur die Heilige Gees, Christus self, en die Vader.

Met vermaning moet mens soms eers die balk uit eie oog haal, dan sal die Lig deurbreek. Dit is baie belangrik yster slyp yster en dat ons mekaar se oë moet wees. Ongelukkig is daar kinders van God wat skaamkwaad word sodra hul reg gehelp word en wanneer hulle vir hul sonde betaal. Deur gehoorsaam te wees aan die Heilige Gees wat in jou woon, moet jy tugtiging toepas teenoor ‘n mede broeder of suster.

**Heb 12:7 As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?**

-o0o-

**Heb 12:8 Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.**

Hier word gepraat van onegte kinders en nie seuns nie.

**Wat verstaan ons onder onegte kinders?**
As julle kies om nie getugtig te word nie, dan is jul onegte kinders en nie seuns nie. Onegte kinders verwerp die tugtiging van die Vader en leef liewer in sonde. Sonde maak dat jy onegte kind is.

5. **VOLHARD**

**Heb 12:9 Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie?**

Wie kan vir ons die lewe gee? Wie kan ons in die groei stadium bring? Klippe moet gekap word. God gaan ons kasty en vorm sodat wanneer ons by die opstanding die derde tempel ingaan met die wegraping, dat ons klaar gevorm is.

Soms het ons meer gesag vir ons vleeslike vaders as vir God. Ons moet onderworpe wees aan Hom en Hom bo alles stel. Ons is die openbaring van die tempel, die openbaring van die opgestaande Christus. Klippe moet gekap word sodat as dit ingebring word dit volmaak gekap is.

**Heb 12:10 Want húlle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word.**

As ons Sy heiligheid deelagtig wil word, is dit tot ons voordeel om getugtig te word. Wie die wêreld wil aanhang kan nie verwag dat die Here hul genadig sal wees nie. Kinders van die Here is so vas-gevang in tradisies en streef na vleeslike genot, hunker na vleis en vlees. Soms is kinders van God nie tevrede met Christus alleen nie en sal dan hul die oordeel ontvang.

**Wat is die rede dat mense nie volhard nie?**
Soms plaas hul hulself onder te veel druk omdat hul nie genoeg roem, eer en status kry nie. Mense bring soveel probleme oor hulself en verloor die heiligheid wat hul deelagtig moet word.

**Heb 12:11 Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is.**

**Is ons harte gefokus op die vlees of is ons harte gefokus op Christus**?
As jou hart gefokus is op die vlees sien jy alles as 'n saak van droefheid. Droefheid ontstaan omdat die gees afwesig is.

Wees bereid om die vlees neer te lê en jy sal die **Gees** ontvang. As jy in die Gees is, sal jy vreugde vind. Die gedagte aan Jesus, moet 'n mens jou stryd teen laste en sondes, met vreugde verdra. Jesus het die wedloop voltooi en het Sy plek aan die regterkant van die troon van God ingeneem. Jesus Christus inspireer ons en stel ons in staat om aan te hou. Laat ons harte positief gerig wees op Jesus en bly wees in die Here as ons getugtig word. Die tugtiging en dissipline sal 'n vredevolle vrug oplewer vir die wat volhard.

.

-o0o-